As jy moeg word vir die lewe in die stad …

DEUR **JEAN MEIRING,** JOHANNESBURG-BALIE

Die reputasie van Ben Swart, 'n voormalige voorsitter van die Pretoria-balie, loop hom ver vooruit. Of hulle hom nou persoonlik ken of nie, die meeste noordelike advokate wéét van hul kollega wat op heldhaftige wyse al die een na die ander berg kafgedraf het. Die feit dat hy boonop groot persoonlike opofferinge vir sy sport moes maak, dra sekerlik hiertoe by.

Ná sy graadstudie aan die Universiteit van Pretoria, wat hy in 1986 voltooi het, het Ben vir vier jaar handelsreg by Tuks gedoseer. In dié tyd het hy ook 'n doktorsgraad in Insolvensiereg behaal. In 1991 sluit hy hom by die Pretoria-balie aan en in 2004 word hy 'n sy.

'My pa was 'n advokaat en ek het altyd aanvaar ek sou eendag een word. My praktyk is kommersieel van aard; ek geniet enige vorm van kommersiële litigasie.'

En êrens te midde van sy besige praktyk maak Ben vir jare al plek vir sy redelik laat-verworwe liefde vir bergklim.

'In 2004 het 'n vriend Rudolf Pretorius my genooi om Elbrus, 'n piek in Rusland, te klim. Ek het die ervaring baie geniet. Eers ná die tyd vind ek uit Elbrus, geografies deel van Europa, is daardie kontinent se hoogste piek en boonop een van die sogenaamde "seven summits".'

Die 'seven summits'-uitdaging onder bergklimmers – deur die Amerikaner Richard Bass bekendgemaak – behels dat 'n klimmer suksesvol die kruine van die hoogste berge op elke kontinent bereik.

Hulle is Elbrus, wat 5 642 meter hoog is; Aconcagua in die Andes in Argentinië (6 962 meter); Denali (ook bekend as McKinley) in Alaska (6 194 meter); Vinson Massif in Antarktika (4 892 meter); Carstensz Pyramid in Indonesië (4 884 meter); Everest in Nepal (8 848 meter) en Kilimanjaro in Afrika (5 892 meter).

'Twee jaar ná Elbrus het ek Aconcagua suksesvol geklim. Toe besluit ek om ál sewe pieke te probeer klim. In 2008 het ek Denali gehaal en in 2009 beide Vinson Massif en Carstensz Pyramid.

'Everest het ek in 2010 van die noordekant (dit wil sê van Tibet in China) aangepak. Op 24 Mei 2010 het ek die piek bereik. Ek was lid van 'n Suid-Afrikaanse ekspedisie van agt klimmers van wie ses van ons suksesvol was.'

En in Julie vanjaar het Ben die 'seven summits'-uitdaging voltooi toe hy en sy seun Dreyer (toe maar 12 jaar oud) die bo-punt van Kilimanjaro bereik het.

'Terwyl my grootste klimprestasie was om Everest se kruin te bereik, was die beste oomblik vir my persoonlik om die 'seven summits' te voltooi deur in Afrika – saam met my seun – op Kilimanjaro se kruin te staan.

Elbrus-kruin, 2004.

Aconcagua-kruin, 2006.

Denali-kruin, 2008.

Sulke ekspedisies, vertel Ben, vra heelwat intense voorbereiding.

' 'n Lang ekspedisie verg 'n baie hoë vlak van aerobiese fiksheid. Ekself berei voor deur driekamp-tipe oefeninge te doen: swem, fietsry en hardloop. Ek oefen ook in die gimnasium. In 2010 het ek aan die halfafstand-Ironman-byeenkoms deelgeneem ter voorbereiding vir Everest.'

Maar 'n klimmer se kop moet ook reg aangeskroef wees.

'Om 'n hoë berg te klim bring natuurlik uiterste uitputting mee. Maar dan is daar ook baie sogenaamde dooietyd terwyl jy op 'n nuwe hoogte akklimatiseer. Daarom is psigiese gereedheid ewe belangrik as fisiese gereedheid.

'In so 'n wagtyd lees mens boek, luister jy musiek en speel kaart. Die reël op Everest is dat 'n speler wat drie keer in 'n ry verloor een keer om die kombuistent moet hardloop met niks aan behalwe skoene nie. Dié lot het my toegekom by Advance Base Camp, wat 6 500 meter hoog geleë is.

'Deel van elke ekspedisie is die onsekerheid oor weersomstandighede, of die weer jou gaan toelaat om die kruin te bereik of nie.

'Ekself was baie gelukkig om ál sewe pieke met my eerste probeerslag te bereik. In Antarktika was ons vir sewe dae by Patriot Hills vasgesneeu voor ons na Vinson Massif se basiskamp kon vlieg.

'In Indonesië moes ons vir agt dae in 'n kusdorpie Nabire wag. Die humiditeit daar was 100%. Uiteindelik was daar 'n helikopter beskikbaar om ons na Carstensz se basiskamp te neem.

'Everest weer was 'n twee-maande-lange ekspedisie. Ek het ses weke op die berg deurgebring, waarvan een maand 6 500 meter of hoër was. Lang blootstelling aan hoë hoogtes veroorsaak slegte slaappatrone en 'n verlies aan eetlus. Tydens die Everest-ekspedisie het ek 8 kg verloor. Boonop het ek op die kruin van Everest 'n serebrale edoema (vloeistof op die brein) gekry wat my gedisoriënteer het.

'As gevolg daarvan toe 'n windstorm opkom het ek nagelaat om my donshandskoene aan te trek. Dit het vriesbrand tot gevolg gehad. Met my terugkeer na Suid-Afrika is vyf van my vingers op verskillende lengtes geamputeer.'

Ben vertel dié verhaal verbasend flegmaties. 'My hande het goed herstel. Behalwe dat ek effens sukkel om te skryf is daar funksioneel geen verskil tussen nou en voor die ongeluk nie.

'Aprilmaand vanjaar was ek deel van 'n ekspedisie na die geografiese Noordpool. Die temperatuur was heeltyd ongeveer minus 30º. Tog het my hande dit goed hanteer.' Maar die vraag wat op baie se lippe sal wees is dié heel eenvoudige een: Hoe op dees aarde kry 'n senior advokaat dit reg om sóveel buite die vier mure van die hof te bereik?

'As advokaat is ek in die bevoorregte posisie dat ek, in 'n sekere mate, my eie program kan reël. Waar dit nie moontlik is om 'n ekspedisie in resestyd te doen nie (byvoorbeeld Everest, wat nét in Meimaand geklim kan word), pas ek eenvoudig my program aan, deur nie werk te neem vir die betrokke tydperk nie.'

En in die wandelgange van Gauteng se howe is Ben se yster-reputasie sekerlik ook nie te versmaai nie.

Tiroolse dwarsgang op Carstentz Pyramid, 2009.

Vinson Massif-kruin, 2009.

Everest-kruin met Barend Engelbrecht, 2010.

Bo-punt van Kilimanjaro met sy seun, Dreyer (destyds 12 jaar oud), 2011.